

7 MAART

**SKRIFGEDEELTE: ROMEINE 8:12-17
FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 8:15-17; MATTEUS 6:9
HEIDELBERGSE KATEGISMUS, So. 45**

Die rykdom van die gebed

Dit is baie opvallend dat die woord “Vader” vir God in die Ou Testament baie min gebruik word. So selde gebeur dit dat ons slegs vyftien keer lees dat God so aangespreek word. In die Nuwe Testament is dit heeltemal anders. Slegs in die evangelies kom die woord “Vader” nie minder nie as 170 keer in die mond van Jesus voor. Wat nog verder opvallend is, is dat ons nêrens in die Ou Testament lees dat God as Vader in die gebed aangespreek word nie. Die evangelies maak dit baie duidelik dat Jesus in sy gebede God as Vader aanspreek. Wat die aanroep van God as Vader nog ryker maak, is dat Jesus ons spesifiek leer om God as Vader in ons gebede aan te spreek.

Dit is die rykdom van die gebed. Wanneer ons verder in Romeine 8:15 lees dat ons Hom kan aanspreek as “Abba”, dan staan ons verstom. Die woord *abba* is die Aramese woord vir “pappa”. Ons kan in Christus in ‘n besondere intieme verhouding met ons Hemelse Vader staan, so intiem as wat ‘n klein kindjie opkyk en sy vader as “Pappa” aanspreek. Hier hou die rykdom van die gebed nie op nie. In Christus is ons aangeneem as sy kinders deur die Heilige Gees (Rom. 8:15) en daarom kan ons deel kry aan die erfporse. Ons is erfgename, nie van ‘n verganklike aardse erfenis nie, maar ons is erfgename van die ewige lewe. Onthou hierdie rykdom van die gebed as u weer bid: “Ons Vader wat in die hemel is ...”

Sing: Skrifberyming 28b/10-2

Ds Peet Coetzee (Potchefstroom)